PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

13 Augustus 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Noodspens : Geloof deur liefde tot dade

Baie dankie vir die skenkings was reeds ontvang is. Dit word baie waardeer en maak regtig 'n verskil. U is steeds welkom om enige bydraes by die kantoor af te gee of by Gemeentedienste te los asseblief.

Dringende benodigdhede:

Toiletware: tandepasta / seep / sjampoe

Kos: *White Star* kits mieliemeel pap / imana soya maalvleis pakkies / blikkies *baked beans* / blikkies vis (*tuna)* / 2 min noedels / konfyt / suiker (250g) / grondboontjiebotter / ens.

Baie Welkom: Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Nagmaal - Ds Pieter Nel
10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale
17:00 Buffelsfonteindiens: Nagmaal - Ds Pieter Nel

Deurkollekte: Diens van Barmhartigheid (Sin)

Program vir die Week:

Maandag: 14 Augustus
10:00 Gebedsaksie in Kapel

Dinsdag: 15 Augustus
14:00 Vroue Bybelstudie
18:30 *Unlocking the Bible* - kursus

Woensdag: 16 Augustus
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 17 Augustus
10:30 Woord Werkgroep

Vrydag: 18 Augustus
05:15 Mannebediening

Algemeen

Bydraes

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Enige gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp*-boodskap gestuur word na:

079 815 9325

Augustus : Tiende Dankoffermaand

Wat as... ek my dankoffer 'n persoonlike gebed- en geloofsaak maak? Ons moedig mekaar aan om 'n tiende van ons inkomste uit dankbaarheid aan die Here te gee.

Bydraes kan op die volgende maniere gemaak word.

- **Elektroniese betaling:** (PE Hoogland, ABSA tjek rekening: 1400149980)
- **Kontant in koeverte**: Koeverte is in die brosjurevakkies beskikbaar.
- **Kaartfasiliteite** is by die kerkkantoor beskikbaar.

GVG groepe het ook 'n spesiale sakkie ontvang vir hulle kinder Tiendedank-offers.

Hou asseblief **Sondag, 27 Augustus** oop vir 'n spesiale **Dankofferfees** vir almal !

Hoogland Gebedsaksies

1. Sinodale Dag van Verootmoediging: Sondag, 13 Augustus 2023

Gemeentes word uitgenooi om nederig voor die Here te buig oor die toestand van ons land en saam te bid vir:

- genesing van ons land
- leiers wat met integriteit regeer
- geestelike en morele herstel
- beter skoolopleiding vir kinders
- die veiligheid van ons mense
- herstel van ekonomiese vertroue en investering
- betroubare vennootskappe met die regeringsektor ten opsigte van maatskaplike dienslewering
- die verkiesing van 2024
- dié wat as gevolg van armoede, geweld of natuurrampe swaarkry.

2. Bid & Vas: 18 - 20 Augustus 2023

Die geloofsgemeenskap van PE word ook opgeroep om te Bid & Vas vir 3 dae oor die volgende sake:

- die redding en herlewing van die mense van die Metropool
- dat al die kerke in eenstemmigheid sal saamstaan.
- dat God ons land sal gesond maak.
- ons staan teen magte van die bose, want ons is die lig vir die wêreld. Ons moet die volle wapenrusting aantrek.

Vrydag, 18 Augustus 2023

Vas en bid (Slegs water of soos elkeen kan)

Saterdag, 19 Augustus 2023

Neem die stad terug vir Christus: Die organiseerders is besig om al die goedkeurings te verkry vir optogte deur die stad en by elke Winkelsentrum waar die boodskap van herlewing en terugdraai na God verkondig sal word. 'n Konvooi van motors ontmoet *09:00 Saterdagoggend by die Boardwalk parkeerterrein* en sal so deur die stad beweeg en tyd spandeer by elke winkelsentrum.

Sondag, 20 Augustus 2023

Vas, Bid en Lees gerus Ester 4:14 - GOD SE KERK MOET SIGBAAR WEES MEER VAN GOD, MINDER VAN ONS

PE HOOGLAND
Geloof deur liefde tot dade

Waarde reeks #4

Aanvaar om te aanvaar...

Gesels saam (of oordink op jou eie)

Kan jy 'n situasie/tyd onthou wat jy nie aanvaar is nie?
(Dink bv. aan 'n werk of studierigting waarvoor aangesoek gedoen is, of selfs 'n spesifieke groep waarvoor jy nie aanvaar is nie.)

Aanvaarding is een van die basiese behoeftes van ons as mens: ons wil aanvaar word deur vriende / kollegas / aangetroude familie / huweliksmaat / ens.

Paul Tournier skryf die volgende:

> "Geen mens kan in hierdie wêreld vrylik ontwikkel en 'n vol lewe lei as hy of sy nie voel dat hulle deur minstens een mens begryp en aanvaar word nie"

LEES Romeine 15:7

God aanvaar ons deur Jesus Christus soos ons is, maar wanneer Hy ons so aanvaar, beteken dit glad nie dat ons moet bly soos ons is nie. Juis *omdat* Christus ons vir God aanvaarbaar maak, kan ons nie anders as dat ons lewe iets van God se aanvaarding leef deur ander mense ook te aanvaar nie.

Waarde-oefening vir die week

Wees hierdie week op die uitkyk vir enige iemand wat "uit" voel: dit kan so eenvoudig, maar aangrypend, wees soos om net iemand uit te nooi om in die groep waar jy staan en gesels, in te nooi. Dit kommunikeer aanvaarding.

Sien volgende week...

Liefde vir God, ons naaste en omgewing

... deur ons geloofsdade in die wêreld

...deur almal te verwelkom in God se geloofsfamilie